

<b>Swaarkry se wins (Fil 1)</b>	<b>Christus se voorbeeld (Fil 2)</b>	<b>Ware kennis (Fil 3)</b>	<b>Vrede en blydschap (Fil 4)</b>	<b>Filemon</b>
Deel in Christus	Mense van Christus	Kennis van Christus	Vrede in Christus	Vergifnis
Geskrif deur Paulus uit die tronk, ongeveer 60nC. (Kolossense en Efesiërs is ook gevangenisbriewe.)				

In hoofstuk 1 wys Paulus dat sy swaarkry gedien het om alles te verloor, maar om Christus te wen. *Om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.* (Fil 1:21 lees ook :23).

In hoofstuk 2 roep Paulus die Christene op om Christus se voorbeeld te volg: *Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.* (Ef 2:7,8). Hy gee ook vir hulle die twee voorbeelde van Timoteus en Epafroditos se opoffering vir die bediening

In hoofstuk 3 waarsku Paulus weer teen die wettiese godsdiens. Die doel moet wees om Christus te ken en nie om te streef om wette te gehoorsaam nie: *Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.* (Fil 3:10-11).

In hoofstuk 4 doen Paulus 'n beroep op die Filippense om deur 'n lewenstyl van eensgesindheid, gebedsafhanklikheid en heiligheid vrede in Christus te verkry. In 4:4-9 gee hy die geheim om die vrede van God te verkry en om in vrede met God te leef: Gebed, smeking en danksegging. Dit is juis hierdie vrede wat hom in staat stel om bo die tronk omstandihede in blydschap te leef (4:10-20). *Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!* (Fil 4:4)

In die kort briefie Filemon probeer Paulus vir Filemon oortuig dat, net soos hy genade van God ontvang het en as slaaf van die sonde bevry is, netso moet hy genade aan sy wegloop slaaf betoon. Hy pleit by Filemon om sy slaaf Onesimus, wat straf verdien, te vergewe en hom terug te ontvang as broer eerder as slaaf.

Dag	Lees
Ma	Filemon
Di	Hand 16:11-40
Wo	Filippense 1
Do	Filippense 2
Vry	Filippense 3
Sat	Filippense 4
Son	Psalm 97

**Memoriseervers:** *Want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.* (Fil 1:21).

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

### **Lyding deur die gelowige se bril (Fil 1).**

Ja, hier in die tronk kry ek swaar,  
maar ek kon die evangelie verklaar.  
Die keiserlike wag is nou ook by die kerk  
en my broers is in hul vertrouwe gesterk! (Fil 1:12-14).

Ek kan wel hier die doodstraf kry,  
maar ten spyte daarvan is ek bly:  
Want Christus is my lewenskuns  
en om te sterwe is vir my wins. (Fil 1:21-22)

Jou lewe moet volgens die evangelie wees:  
Eensgesind, standvastig, onbevrees.  
Dis jou voorreg om in Sy diens te bly,  
en ook om ter wille van Christus te ly. (Fil 1:27-29).

### **Leef soos ligdraers (Fil 2).**

Julle het die troos in Christus ondervind,  
die aansporing van liefde as Sy kind  
en die gemeenskap deur die Gees.  
Daarom moet julle nou eensgesind wees. (Fil 2:1-2).

Julle moet Christus se gesindheid vertoon:  
Hy kon goddelik in die hemel bly woon.  
Hy het as slaaf aan die mens gelyk geword,  
en deur die kruis verneder tot in die dood! (Fil 2:5-8).

### **Die lewens wedloop (Fil 3).**

Ek beskou my bates as waardeloos op aarde.  
Om Christus te ken oortref alles in waarde.  
Ek los alles om Christus as bate te kry:  
Deur in Hom te glo, spreek Hy my vry! (Fil 3:7-9).

Ek maak my los van agter se verloor,  
en strek my uit na die wenstreep voor,  
sodat ek die hemels prys kan behaal,  
waartoe God my geroep het en kom haal! (Fil 3:13-14).

### **Blydschap en vrede wat alle verstand te bowe gaan (Fil 4).**

Wees altyd bly,  
ja, bly in die Heer.  
Die Here is naby.  
Bid wat jy begeer.  
Wees nie besorg,  
smeek by jou Borg. (Fil 4:4-6)

Die vrede van God wat verstand te bowe gaan,  
sal oor jou hart en gedagtes wag bly staan. (Fil 4:7)

Alles wat waar is,  
alles wat edel is,  
alles wat mooi is,  
alles wat prysbaar is,  
dit is wat in jou gedagtes moet wees.  
God is by jou met sy Vredesgees. (Fil 4:8).